DINSDAG 5 Mei 2020

Lees Teks 1 in jou Handboek p. 64 aandagtig deur. Hierdie teks is 'n tipiese voorbeeld van 'n JEUGROMAN. Kyk terug in jou LETTERKUNDE BOEK. Daar is die eienskappe van 'n jeugroman. (Ook op p 63 in die handboek)

Beantwoord die vrae: LETTERKUNDE BOEK

Verstaan die teks p 65
no. 1 tot 5

---

Beantwoord die vrae: ALGEMENE BOEK

Begripsvrae p 65
no. 1 tot 12

---

**MEMORANDUM**

a. Verstaan die teks p. 65 LETTERKUNDE BOEK

1. Watter soort verteller kom voor in hierdie jeugroman?
   *Derdepersoonsverteller*
2. Wie is volgens die teksgedeelte die **hoofkarakter** in hierdie roman?
   *Nadia*
3. Binne watter **ruimte** speel hierdie inleidende hoofstuk af?
   *Die skool*
4. Watter **konflik (botsing)** is reeds in die begin duidelik?
   *Botsing tussen Nadia en die skool. (Juffrouens en nuwe klasmaats)*
5. Watter twee probleme het die hoofkarakter volgens die eerste hoofstuk?
   *Sy het probleme met die vreemdheid van die nuwe skool en sy het 'n probleem met haar bos hare.*

**MEMORANDUM**

b. Begripsvrae p. 65 ALGEMENE BOEK

1. 'n Mens verwag iets soos in sprokies / iets toweragtig / sekere tekens ...

2. Nadia het 'n goeie verbeelding, want sy het kreatiewe gedagtes oor die maan, oor die boom en sy dink aan goed uit sprokies.

3. Nadia is bang vir die nuwe en vreemde skoolomgewing, en dis daadnatuurlik om so te voel.

4. Nadia dink aan haar ma, waarskynlik omdat sy die eerste dag in die nuwe skool graag haar ma by haar wou gehad het. Dis wat ma's gewoonlik doen!
   Sy verlang na haar ma.

5. Nadia se bos hare gaan volgens die meisies konflik met die onderwysers veroorsaak.

6. Die boom bied vir haar skuiling want sy skuif agter die boom in.
   Sy vind troos in die dik stam want sy druk haar lyf plat teen die dik stam.
   Sy skrik aanvanklik vir die growwigheid van die bas, maar dit troos tog.

7. Sy het 'n baie sterk verbintenis met die natuur, want haar sintuie neem die natuur skerp waar.
   Bv. - Sy voel die son op haar rug
   - Sy sien die maan glinsterend hang
   - Sy voel die grofheid van die boom
   - Sy neem die son en die maan waar
   - Die verwysing na 'rankvingers' en 'klimplante'

8. Die skool is vir haar soos 'n tronk.

9. Die ander kinders se ouers of maats is saam met hulle terwyl sy alleen is
   Die ander kinders is opgewonde terwyl sy angstig is

10. Die tekens wat sy verwag
    Haar gedagtes oor die boom
    Die sprokies

11. Hulle is albei alleen

12. Ja, die seun gaan ook 'n belangrike rol in die verhaal speel, want die skrywer gee meer aandag aan die bekendstelling van sy karakter as byvoorbeeld aan die bekendstelling van die twee meisies wat verbystap.

---